

< opwindend nie. Ek het met uiters vertroulike inligting gewerk en toe ek bedank, het ek besluit ek kan net sowel my kennis en ervaring gebruik om mense te herenig.

Ek het besonder entoesiasies oor dié werk geraak nadat ek 'n ma en dogter ná 54 jaar herenig het. Ek het haar kind in net meer as twee uur opgespoor. Die kind vind toe uit haar biologiese ma en pa is later met mekaar getroud en dat sy 'n suster en vier broers bygekry het!

In teenstelling met my vorige werk, bring 'n versoening die mees ongelooflike vreugde en ek word herhaaldelik bedank.

Maar dis belangrik om deur die regte kanale te werk sodat alle inligting vertroulik bly. Maklik is dit nie, want van die aannemingskantore het intussen gesluit of daar is 'n tekort aan opgeleide personeel wat met herkomsnavrae werk. Dikwels ontbreek die ma se geboortedatum in die aannemingslêer, want voor 1987 was 'n ma en kind volgens wet nie toegelaat om mekaar te soek nie. Destyds was daar ook nie identiteitsnommers nie en ou persoonsnommers help niks.

Soms het baie mense boonop dieselfde naam en van en is baie op dieselfde datum regoor Suid-Afrika gebore. Dis ook baie moeilik om 'n ma se getroude van uit te vind. En soms het die biologiese ma mansname!

Wanneer iemand se spoor in Suid-Afrika doodloop, raak die soektog moeiliker. Dan soek ek oorsee. Nadat hulle 64 jaar gelede van mekaar geskei is, het ek Estelle Myburgh van Kleinmond se suster, Jenny Scallan, in Australië opgespoor. Albei is destyds aangeneem. Die twee ken mekaar nou vier jaar lank en Estelle sê hulle deel soveel vreugde. Dit het haar hele lewe verander. In die proses het sy ook haar

drie broers teruggekry.

Soms is daar toevallighede. Ek het 'n ma en kind wat jare net 'n straatblok van mekaar gewoon het ná 43 jaar herenig. Om te dink hulle het 'n paar keer per week by mekaar verbygeloop! Vandag stap hulle na mekaar toe vir gereelde kuiertjies.

Ek werk volgens spesifieke aannemingsreëls en wette. Ek mag byvoorbeeld nooit die aangenome kind self eerste kontak nie. Ek tree eers met haar aanneemouers in verbinding en hulle sê dan vir haar. Ek mag ook nie vir die ma of kind identifiserende inligting gee nie. Hulle moet eers toestemming gee en op die ontmoeting voorberei word.

As die ma nie wil of kan kontak maak met haar kind nie, mag ek glad nie die ma se persoonlike besonderhede bekend maak nie. Ek gee wel vir haar my gegewens as sy dalk van besluit verander.

Dit gebeur wél – soos die ma wie se hart vermurwe het nadat sy haar seun se brief gelees het. Hy het geskryf: *Ek bet ma byna 50 jaar laas gesien en wil ma net vertel watter handsome outjie ek is . . .*

Ek moet altyd seker maak dat almal emosioneel goed voorberei is. Want dit is moontlik dat die biologiese ma nie dadelik kans sien om kontak te maak nie. In só 'n geval weet haar man en ander kinders gewoonlik glad nie dat sy voorheen 'n baba gehad het nie. Soms is die biologiese ma intussen oorlede of ly sy aan Alzheimersiekte en herken sy nie haar kind nie.

Deur dit alles probeer ek my bes om nie emosioneel te betrokke te raak nie, maar omdat ek self 'n ma en 'n mensmens is, is dit soms moeilik. Soos toe ek vir 'n ma wat lank haar seun gesoek het, moes sê hy het op 19 verongeluk. Ek was drie dae lank te ontsteld om die biologiese ma te bel.

Daar was ook 'n kind wat ernstig >

## OM TE WEET

■ Vertel jou kind so vroeg as moontlik (voorskools) dat sy aangeneem is – voordat sy dit jare later op die verkeerde manier uitvind.

■ As 'n biologiese ouer wil kontak maak met haar kind, kan dit slegs gebeur met die toestemming van die aanneemouers. Dit geld selfs al is die kind meerderjarig.

■ Dié aangeleenthede is uiteraard sensitief. Hanteer dit vertroulik. Respekteer alle partye se gevoelens en besluite.

■ Maak seker dat die persoon wat jou met die opsporing help streng volgens wet optree, deur aannemingskantore werk en jare se ervaring van dié soort opsporing het.

■ Wees eerlik met jou eggenoot as jy in die verlede 'n baba laat aanneem het. Onthou, nie net kan dit latere probleme – soos egskeiding of skok vir jou ander kinders – voorkom nie, jou man kan jou ook emosioneel ondersteun. Wees voorbereid daarop dat jou kind jou later kan kom soek.

**Bron: Monika Marais, maatskaplike werker van die Magdalena Huis in Bellville, Kaapstad.**

“ EK PROBEER OM NIE EMOSIONEEL BETROKKE TE RAAK NIE, MAAR OMDAT EK SELF 'N MA EN 'N MENS-MENS IS, IS DIT MOEILIK ”

Leonie Erasmus